AK2117/J7

DA-71

'Praat met die ANC'
edited by Gerrit Olivier
published by TAURUS.

(Acc. No 20).

DA-71.

# praat met die ANC

Gerrit Olivier voer onderhoude met Nico Smith
Piet Muller, Anton Steenkamp, Eric le Grange
Hennie Bester, Hans Müller, Phillip Verster
Harald Pakendorf, Johan Olivier, Tom Lodge
Annami Oosthuysen & Carel Anthonissen

DA-71

TAURUS

Uitgegee deur Taurus
Bus 85218, Emmarentia, 2029, Suid-Afrika
Kopiereg 1985

ISBN 0 947046 03 8

Geset deur Taurus in 11 op 13pt Press Roman
Voorblad van Tienie du Plessis
Gedruk deur Sigma-pers (Edms) Bpk, Pretoria

INHOUD

Inleiding *5*
Dr Nico Smith *9*
Maties Anton Steenkamp & Eric le Grange *32*
Maties Hans Müller & Phillip Verster *43*
Maties Hennie Bester, Johan Olivier & Annami Oosthuysen *49*
Ds Carel Anthonissen *58*
Dr Tom Lodge *66*
Mnr Harald Pakendorf *78*
Dr Piet Muller *86*
Die vryheidsmanifes *96*
Die bydraers *101*

INLEIDING

Hierdie boek het sy ontstaan te danke aan agt Stellenbosse studente wat in Oktober 1985 'n ontmoeting met die Youth League van die African National Congress in Lusaka sou hê. Dit was die eerste keer in 'n lang tyd dat gewone Afrikaners wat geen partypolitieke belang het of amptelike posisie beklee nie, lede van die ANC onvoorwaardelik sou ontmoet.

Ek het gevoel dat hulle die geleentheid moet kry om hulle standpunte aan 'n breër publiek te stel. Sewe lede van die groep het my in dieselfde naweek as wat hulle in Lusaka sou wees, in Stellenbosch te woord gestaan (ek kon Hendrik du Toit, die agtste lid, ongelukkig nie opspoor nie).

Die studente is fisiek daarvan weerhou om Zambië toe te gaan. Kortliks is die feite soos volg. Nadat twee tweedejaarstudente op Stellenbosch – Stefan Malherbe en Grové Steyn – by prof HW van der Merwe, direkteur van die Sentrum vir Intergroepstudies in Kaapstad en bekende bemiddelaar met die ANC, vasgestel het dat daar 'n oop uitnodiging bestaan om die Youth League van die ANC in Lusaka te ontmoet, is 'n groep van agt studente saamgestel wat in die naweek van 25-28 Oktober daarheen sou reis. Toe die nuus aan die pers uitlek, het prof Mike de Vries, rektor van die Universiteit van Stellenbosch, verklaar dat die studente nie die universiteit verteenwoordig nie. Die Staatspresident, wat ook kanselier van die Universiteit van Stellenbosch is, het die groep daarvan afgeraai om met hul plan voort te gaan. Hulle het voet by stuk gehou, maar op 16 Oktober het die Minister van Binnelandse Sake aangekondig dat hulle paspoorte geweier of teruggetrek sou word.

Na alle waarskynlikheid sou die Maties vergesel gewees het deur ds Carel Anthonissen, leraar van die Stellenbosse studentekerk. In die onderhoud met hom verduidelik ds Anthonissen waarom hy 'n gesprek met die ANC noodsaaklik ag, en van mening is dat veral die NG Kerk in hierdie opsig die inisiatief behoort te neem.

Ná my besoek aan Stellenbosch het ek besluit om meer beskouings in die boek op te neem, veral omdat dit kort na die bohaai oor die Maties se plan bekend geword het dat 'n groep predikante uit die NG-familie onder leiding van dr Nico Smith van Mamelodi-Wes

ook beoog om met die ANC in gesprek te tree. Die predikante het nie deur prof Van der Merwe gewerk nie, maar in Europa navraag gedoen oor die moontlikheid van 'n ontmoeting. Die ander ses lede van die geselskap is: ds Alex Bihman van die Federal Theological Seminary in Pietermaritzburg en predikant van die Reformed Church in Africa; prof Daan Cloete van die Universiteit van Wes-Kaapland; ds Dirkie Marais van die NG Sendingkerk op Montagu; ds Lucas Mbusela van die gemeente Mamelodi-Noord; ds Elia Tema van die gemeente Orlando; en dr Erasmus van Niekerk, wat verbonde is aan die Teologiese Fakulteit van UNISA. Ook hierdie groep het van die regering verneem dat hulle nie toegelaat sal word om Lusaka toe te gaan nie; in hul jongste verklaring het hulle dit egter duidelik gemaak dat hulle met die plan sal voortgaan sodra die geleentheid hom voordoen.

Uit die regering se heftige reaksie op hierdie groepe se planne om "die dissipels van die duiwel" (mnr PW Botha) te ontmoet, sou 'n mens kan aflei dat dit 'n verregaande gedagte is om met die ANC te praat. Die teendeel is egter waar. Die ANC is op almal se lippe, veral noudat daar weer gerugte was oor die vrylating van Nelson Mandela, en onderhandelinge met dié organisasie sal ongetwyfeld deel moet vorm van enige reële politieke agenda vir die toekoms van Suid-Afrika. Die onrus in swart woongebiede, die afkondiging van 'n noodtoestand wat verbysterende magte aan die polisie en weermag verleen, en die verslegtende ekonomiese situasie oortuig al hoe meer mense daarvan dat 'n organisasie wat enorme steun onder swart Suid-Afrikaners geniet, nie meer kunsmatig buite die politieke arena gehou kan word nie.

As konserwatiewe sakemanne soos mnre Relly en Bloom saam met die ANC om 'n tafel kan sit, en as die PFP in Lusaka welkom geheet word, is die idee van ontmoetings met die ANC alles behalwe vergesog. Onder die mense wat gesprekke met die ANC as onvermydelik beskou, is daar reeds heelwat regeringsgesindes. Ten minste drie Afrikaanse joernaliste – dr Piet Muller en mnre Harald Pakendorf en Dries van Heerden – het reeds uitgebreide gesprekke met ANC-leiers gevoer. Twee van hulle word in hierdie boek verteenwoordig. Hennie Serfontein het al baie informele ontmoetings met ANC-lede gehad, en ek wil hom bedank vir die feitelike inligting en wenke wat ek van hom gekry het.



In die afgelope tyd is daar ook by die ANC 'n groter bereidwilligheid tot kontak met blanke Suid-Afrikaners as voorheen, en dit word besef deur mense wat naby aan die regering staan. Vier bekende Afrikaanse akademici – proff JP de Lange (voorsitter van die Broederbond), Willie Esterhuyse, Sampie Terreblanche en Tjaart van der Walt (rektor van die PU vir CHO) – is vroeër vanjaar deur die regering afgeraai of verbied om 'n voorgenome besoek aan die ANC ten uitvoer te bring. Volgens dr Muller was daar ook reeds sprake van 'n byeenkoms van NP-koukuslede en lede van die ANC. Dit alles bied ondersteuning vir prof Van der Merwe se stelling dat daar binne die Afrikaanse akademiese establishment en die Broederbond baie geesdrif vir kontak met die ANC is.

Hoewel dit duidelik is dat nuwe inisiatiewe in regeringskringe oorweeg word, is die belangrikste nuwe stemme dié van die studente. Van hulle word verwag om militêre diensplig op die grens of in swart woonbuurte te doen; hulle moet in die toekoms leef wat op 'n militêre bewind afstuur tensy daar drastiese nuwe uitweë gevind kan word; en hulle verdedig hulle standpunt nadat die sweep geklap is – wat moontlik nie gesê kan word van die genoemde Afrikaanse professore nie.

Die gewone leser wat normaalweg deur Afrikaanse koerante en die SAUK ingelig word, sal by die studente heeltemal ander geluide kan verneem. Daar is by hulle 'n groot wantroue in die inligting wat "amptelik" oor die ANC verstrek word; hulle wil sélf gaan praat en sélf uitvind wat die waarheid is. Die gevolgtrekking is onvermydelik dat regeringspropaganda teen die ANC misluk het juis by 'n groot deel van die mense wat dit as evangelie moes aanvaar. Die resultaat van hierdie selektiewe inligting is dat daar by ons almal 'n groot gebrek aan inligting oor die geskiedenis en ideologiese posisie van die ANC is. Om hierdie rede is 'n kenner van die ANC, dr Tom Lodge, ook gevra om tot die boek by te dra.

Miskien behoort die Maties tot die eerste geslag jong Afrikaners vir wie dit 'n voldonge feit geword het dat ons 'n nuwe toekoms moet soek in samewerking met almal wie se stemme sedert 1948 stilgemaak is. In die lig van die emosie rondom die ANC is hulle voorgenome besoek 'n belangrike simboliese deurbraak. Dit moet nietemin in gedagte gehou word dat die ANC nié die linkse pool binne die swart gemeenskap verteenwoordig nie. 'n Gesprek is 'n

belangrike gebaar, maar dit kan net die *begin* van die soeke na 'n vreedsame toekoms wees.

Dit blyk dat verskillende mense verskillende verwagtings het van 'n gesprek met die ANC. As onder "gesprek" verstaan word 'n poging om selektiewe alliansies met groepe binne die ANC aan te gaan met die oog op nog 'n "hervorming" van die huidige politieke bestel, sal die resultate waarskynlik gering wees. Die apartheidstelsel is nie vir hervorming vatbaar nie, of dit nou met of sonder medewerking van ANC-ondersteuners geskied. Juis om hierdie rede is dit 'n positiewe teken dat die jong mense en predikante *onvoorwaardelik* wou praat. In hierdie pogings tot toenadering is daar nog veral oor die ekonomiese stelsel onsekerheid. Sonder pogings tot 'n herverdeling van rykdom sal enige toekomstige staatkundige reëling waarskynlik nie vir die meerderheid swart inwoners van Suid-Afrika aanvaarbaar wees nie.

Omdat die Maties en die predikante daarvan weerhou is om met die ANC te praat, bestaan hulle bydraes grotendeels uit voornemens, veronderstellings, oortuigings en bekommernisse. 'n Mens sou dit 'n eenrigtinggesprek kan noem – 'n gesprek *oor* die ANC wat hopelik binnekort ook 'n gesprek *met* die ANC sal word. Ondertussen word dit dan 'n gesprek met die lesers van hierdie boek – wat op die lange duur dalk net so belangrik vir ons almal mag blyk te wees.

Die onderhoude is plek-plek verkort om herhaling te voorkom. Ons het geprobeer om elke persoon se standpunt so noukeurig moontlik weer te gee sonder om die mondelinge karakter van sy bydrae aan te tas.

Ten slotte wil ek almal bedank wat daartoe meegehelp het dat hierdie boek in iets meer as vier weke saamgestel kon word. Twee van hulle wil ek graag uitsonder: Hazel Moolman, by wie die idee vir so 'n publikasie ontstaan het, en my broer Bennie, wat sy motor en sy bed op Stellenbosch aan my beskikbaar gestel het.

Gerrit Olivier
26 November 1985



## DR NICO SMITH

***Dr Smith, u was onlangs nogal dikwels in die nuus oor 'n voorgenome besoek aan die ANC in Lusaka. Geskied hierdie besoek op eie inisiatief, of het u soos baie ander mense gewerk deur die bekende bemiddelaar, prof HW van der Merwe?***

Nee, ek het dit op eie inisiatief gedoen. Ek was op besoek in Duitsland vir 'n lesingtoer daar, en het ook Nederland besoek, en toe van die geleentheid gebruik gemaak om kontak te maak en uit te vind of die moontlikheid van so 'n gesprek aanvaarbaar is. Die reaksie daarop was positief. Dit het my meer oortuig dat ons daarmee moet voortgaan. Ek het bepaalde individue genader en hulle gevra of hulle bereid sal wees om saam met my so iets te onderneem, en terwyl ek in Duitsland is, kom dit oor die televisie dat 'n groep besigheidsmanne met die ANC gaan praat het, met die gevolg dat dit ons hele plan in die war gestuur het, want ek het toe besef ons sal eers 'n tyd moet wag, anders dink die mense dit is nou net weer omdat dié mense gaan praat het. En toe ons weer besig is om 'n datum vas te stel, hoor ons die PFP gaan met die mense praat. Toe moes ons weer agter in die tou inval. Net toe die stof 'n bietjie oor die PFP gaan lê het en ons weer begin organiseer, toe is dit die Maties. Met die gevolg dat ons net nie aan die woord of aan die orde kom nie. Na die Matie-episode het ek gedink nou moet ons dit vir 'n paar maande in die pekel laat lê. Maar op een of ander wyse het dit by die pers uitgelek dat ek so 'n groep georganiseer het en dat ons gaan.

***U praat eintlik namens 'n groep en die ander lede se name is nog nie bekend nie. Is daar enige rede waarom hulle name nie in dié stadium bekend is nie?***

Ons dilemma is dat sommige lede in die groep swart predikante is. En hulle beskik nie oor paspoorte nie. Nou moet hulle aansoek doen vir reisdokumente, en die oomblik as dit bekend word wie hulle is, is dit 'n uitgemaakte saak: hulle reisdokumente sal net eenvoudig geweier word. Toe ek hulle aanvanklik genader het,

het ek dit duidelik gestel: ek onderneem dat dit nie in die pers kom nie. Ons sou dit nie bekend laat raak nie; ons sou gaan, met die mense praat, en dan besluit hoe ons binne die perke van die wet informasie beskikbaar kan stel, spesifiek met die oog op die kerke in Suid-Afrika, oor wat ons eerstehands van die mense self gehoor het. Toe dit in die pers te lande kom, het ek gevoel ek is dit aan die ander lede van die groep verskuldig om nie hulle name te noem nie. Die swart lede het onmiddellik vir my gesê dis hulle dilemma: dan kan hulle dit maar vergeet, want hulle sal nie reisdokumente kry nie. Die meerderheid het gesê dit was ons doel om te gaan en as ons terugkom, die informasie beskikbaar te stel en ons name te gee. Dit was hoofsaaklik die motivering waarom ons nie die name beskikbaar wou stel nie.

*Kan u 'n aanduiding gee van hoe die groep min of meer saamgestel is?*

Ons het probeer om dit so verteenwoordigend as moontlik te kry, dat daar twee blankes, twee swartes, twee bruines en 'n Indiërlid van die groep is. Die meeste behoort tot die NG Kerk-familie. Daar is ook, omdat ons dit nie 'n spesifieke NG Kerk-aangeleentheid wou maak nie, enkele persone van ander kerke daarby betrek, sodat ons werklik aan die kerk as 'n geheel kan terugrapporteer.

*Hoe sien u die doel van die besoek? U't iets genoem van eerstehandse inligting met die doel om dit dan wyer bekend te maak in kerklike kringe in Suid-Afrika.*

Gerrit, kan ek miskien net eers sê wat presies gebeur het dat ek daarop besluit het? Die spanning in Suid-Afrika neem toe. Dit blyk as 'n mens nou die verskillende ondersoeke lees wat gedoen word oor die huidige situasie. In my eie kontak in die swart gemeenskap onder wie ek werk, kan ek sien dat die konflikpotensiaal oneindig groot geword het. Dit is veral my kontak met die jong swartmense wat my laat besef hier is op die oomblik 'n revolusie in hierdie land aan die gang wat nie sommer een-twee-drie weer tot rus gebring gaan word nie. Ek het 'n artikel gelees van 'n Berlynse professor in geskiedenis wat 'n ondersoek ingestel het na opstande



en revolusie en onrus in verskillende wêrelddele na die Tweede Wêreldoorlog, en hy het bevind dat die inisiatief in meer as 90 persent gevalle van jong mense uitgegaan het. En daarom is die huidige situasie, wat werklik 'n jeugrevolusie is, vir my 'n aanduiding dat die saak nie so maklik tot stilstand gebring gaan word nie. In die swart woongebiede is dit werklik jong mense van tussen 12 en 22 wat die inisiatief oorgeneem het en húlle besluit wat daar moet gebeur. In die lig daarvan het verskillende groepe begin voel ons moet iets probeer doen om versoening te help bewerkstellig of om weer rus te probeer herstel, veral nadat die noodtoestand afgekondig is in verskillende distrikte. Ek het aan verskeie sulke groepe deelgeneem. By geleentheid het 'n aantal teoloë van UNISA, waar ek op 'n deeltydse basis betrokke is, saam met enkele predikante bymekaargekom en heel ernstig besin oor hoe ons die huidige krisissituasie in Suid-Afrika verstaan. Uiteindelik het ons 'n verklaring opgestel en aan die Staatspresident gestuur, waarin ons o.a. dringend versoek dat daar met die leiers van die swart gemeenskap in onderhandeling gegaan moet word om te kyk op watter wyse konflik besleg kan word. Ek het baie sterk tot die oortuiging gekom dat die kerk die instansie is wat, wanneer daar 'n konflik ontstaan het wat lyk asof dit nie tot 'n oplossing kan kom nie en net eenvoudig gaan eskaleer, die verantwoordelikheid het om te sê: ons kan eenvoudig nie aanvaar dat geweld en bloedvergieting maar bly voortgaan nie, en dat daar gepoog moet word om die situasie na normaal toe terug te bring. Die kerk is die instansie wat bereid moet wees om te sê ons moet alles in ons vermoë doen om die konflik te besleg. Dan is dit 'n vereiste dat die kerk nie net met een party van die konflik moet praat nie, maar ook met die ander partye. Daarom het ek by die geleentheid voorgestel – en dit was nog lank voordat die sakemanne of enigiemand anders gegaan het om te praat – dat ons ook 'n verantwoordelikheid het om met die ANC te praat.

*Hoe groot dink u is die steun vir die ANC onder die swart stedelike bevolking?*

Laat ek sê wat mnr PW Botha, die Staatspresident, by geleentheid gesê het, naamlik dat die ANC waarskynlik nie 10 persent

steun in Suid-Afrika het nie, terwyl Percy Qoboza daarop geantwoord het dat die Staatspresident hierdie land baie sleg ken. Sy oortuiging is dat slegs 10 persent van die swart bevolking téén die ANC sal stem. Ek het altyd die gevoel in my kontak met die swart mense dat minstens 80 persent van hulle vir die ANC sal stem. Hulle sal dit miskien nie direk uitspreek nie, maar wanneer jy met hulle gaan sit in hulle huis – en dit is eintlik die belangrikste deel van my werk dat ek ná vyf in die middag so veel as moontlik met die mense in hulle huise gaan sit en gesels (en in die meeste huise is ek die eerste blanke wat daar inkom – en dit is wonderlik hoe hulle houding dan teenoor jou verander: dis nie meer hierdie baas-kneg-verhouding nie, maar dan praat hulle met jou), merk jy 'n groot onsekerheid. Hulle kan self nie die situasie verklaar nie, en hulle kan ook nie verstaan waarom hulle kinders so opstandig geraak het nie, maar as hulle begin vertel van wat met hulself gebeur het, dan weet 'n mens: die kinders is eintlik die produk van hul eie verset teen die hele sisteem, 'n sisteem waarin hulle gevoel het hulle is totaal magteloos, hulle kan daar niks aan verander nie. En dan begin jy agterkom dat hulle simpatie eintlik by die ANC is. Hulle beskou die ANC tog as die mense op wie hulle hul hoop op bevryding vestig.

***Watter effek het die afkondiging van die noodtoestand gehad op die situasie soos wat u dit daagliks ervaar?***

Persoonlik dink ek dat dit die situasie nog meer intens gemaak het. Daar is eenvoudig soveel bepalinge en wette en regulasies aan verbonde wat eintlik aan die polisie en soldate darem 'n vrye hand gee wat my laat dink dis 'n uiters gevaarlike toestand. Laat my byvoorbeeld aan jou noem: hulle bel my een Sondagoggend baie vroeg en sê dat 'n groep jongmense van die kerk in een van ons gemeentes in Mamelodi die Saterdag 'n byeenkoms gehad het. In die kerkgebou. Die volgende oomblik het 'n aantal polisie – ek weet nie of daar soldate ook by was nie – net eenvoudig in die kerk ingebars en die jong mense uitmekaar uit geslaan met sambokke, en agt van hulle gevangenis toe geneem. Hulle vra toe of ek nie asseblief iets aan die saak kan doen nie. Ek het toe dadelik met die bevelvoerder van die afdeling kontak opgeneem en 'n afspraak gemaak om hom



te gaan spreek. Hy het gevra wat my posisie is. Ek het toe gesê: dit is wat die ouers aan my sê, ek kom om te hoor wat die ander kant van die saak is. En die kolonel het eenvoudig net gesê: die regulasies is dat die polisie nie die redes vir sy optrede bekend maak in hierdie situasie nie, daarom spyt dit my: ek kan nie vir u sê waarom hulle besluit het om dit te doen nie. Nou voel ek net dat die polisie 'n vrye hand het. Die informasie wat ek terugkry van die mense is eenvoudig dat mense op 'n vreeslike wyse geïntimideer word, en jy het geen reg om navraag te doen na die oorsaak daarvan nie. Ek het gevra wat van die agt in die sel; kan hulle nie maar vrygelaat word nie; wat is die aanklag teen hulle? Toe sê hy dit moet jy maar in die hof gaan hoor. En uiteindelik blyk dit op die aanklagstaat dat hulle vir "public violence" aangekla word.

*Het daar sedertdien iets gebeur? Is hulle aangekla?*

Wel sommige van hulle is vrygelaat en die ding het net eenvoudig so verdwyn. Wat is die "public violence" wat hulle in die kerkgebou veroorsaak het? Jy sien, die polisie sê: ons mag nie enige redes vir ons optredes verstrek nie. Laasnag, byvoorbeeld, om halfvier bel 'n swart leraar my, en hy sê vir my hier is nou polisie wat sê hulle het opdrag om sensus-opnames te maak en hulle moet al die huise deurgaan. En hy sê sy huis is omhein en daar is ook 'n hek, maar hulle het nie eers probeer kyk of die hek gesluit is nie; hulle het eenvoudig klippe gevat en op die dak gegooi. Toe hy uitkom en vra wat is dit, toe sê hulle hulle kom die huis deursoek. Hy bel toe eers vir my en vra wat moet hy doen. Ek sê toe vir hom: vra dadelik vir hulle hulle moet eers vir jou 'n dokument toon wat aan hulle opdrag gee om jou huis te kom deursoek en te kyk wie daar is. En toe het hulle nie so 'n dokument nie. Met die gevolg dat hulle toe net vertrek. Dit is die soort intimidasie waarvoor daar net geen redes verstrek word nie, en daarom voel ek dat die noodtoestand regtigwaar besig is om mense te intimideer.

*Het die noodtoestand ook die mening in die swart gemeenskap verskerp? Ek wil spesifiek vra of daar ook sterk steun is vir 'n organisasie soos AZAPO, wat in sommige opsigte links van die ANC is?*

Ek persoonlik kom nie veel in kontak met sterk uitgesproke ondersteuners van AZAPO nie. Miskien is dit ook deel van die feit dat hulle eenvoudig besluit het hulle praat met geen witman nie. Dit is oneindig moeilik om vas te stel watter dinamieke aan die werk is in so 'n samelewing. Ek vind dit in Mamelodi byvoorbeeld, dat dit die een oomblik geweldig rustig kan wees, en die volgende oomblik is alles in rep en roer en is daar 'n hele groot spanning. Ek dink altyd aan wat president Kaunda van Zambië by geleentheid gesê het oor die verskil tussen 'n Westerling en 'n Afrikaan: dat die Westerling 'n "problem-solving, aggressive mind" het en die Afrikaan 'n "situation-experiencing mind". Ek vind dit baie interessant dat alles rustig kan wees en dan ontstaan daar skielik 'n situasie met 'n bepaalde gevoelswaarde vir die swartmense in die nabyheid. Dit is nie bereken nie, dis nie beplan nie.

*Kan u iets sê oor die jeug se ervaring van die huidige situasie?*

Gerrit, dit is juis die jeug se ingesteldheid en hulle houding wat vir my die mees ontstellende is. Ek probeer met hulle in gesprek te bly soveel as moontlik en om hulle gevoelens te peil. Maar daar's een aspek wat my werklikwaar laat skrik en laat besef hier is 'n bepaalde houding wat jy nie sommer kan beheer nie. Daar het by hulle 'n bepaalde psigologiese ingesteldheid ontwikkel. Ek sou sê hulle het hulle sensitiwiteit vir die lewe verloor. My vrou is 'n psigiater en sy sê vir my hulle het elders in die wêreld al bevind dat as mense hulle in 'n situasie bevind waarin dit uitsigloos word, en hulle geen kans op 'n verbetering sien nie, hulle dan hulle sensitiwiteit vir hulle eie lewe verloor. Hulle gee nie om om selfmoord te pleeg nie, hulle gee nie om om mekaar dood te maak nie. Dit is werklik wat ek by die swart jong mense vind, en dis vir my ontstellend. Kinders van 12 jaar wat eenvoudig 'n klip sal optel en dit na die militêre voertuie gooi, terwyl hy weet hulle sit daar binnekant en kan hom skiet. Hy's nie bang nie.

*Terwyl dit reeds gebeur het.*

Van die swart onderwysers vertel vir my dat kinders van standerd 5 – hier by 10, 11 jaar rond – kom eenvoudig by hulle in die klas



in en vat 'n klip en wil hulle daarmee gooi. Omdat hy sy sensitiwiteit vir sy eie lewe verloor het, het hy ook sensitiwiteit vir 'n ander een se lewe verloor. Die mense is dikwels vreeslik geskok en verbaas oor hierdie moorde wat gepleeg word. Maar dis deel van hierdie psigologiese ingesteldheid waarin hulle beweeg. Nou, waarom sien hulle geen uitkoms of toekoms nie? Ek het daaroor baie diep al met 'n hele aantal van die hoërskoolleerlinge gepraat. Ek het vir hulle gesê: mense, kyk, die skool is so 'n essensiële element in die samelewing om uiteindelik julle eie posisie so te kry dat julle kan beding. Dan sê hulle: dit is soos jy as 'n witman dit verstaan, jy sien die skool en onderwys as die belangrikste ding. Maar ons het besef dat al is jy die geleerdste swartman in die land, sal jy altyd soos 'n kaffer behandel word. Ek dink altyd aan wat een van die kêreltjies vertel het. Hy sê: my pa is 'n skoolhoof, en ons ry af dorp toe, en 'n wit verkeersbeampte keer ons voor en vra vir sy pas; hy't sy pas by die huis vergeet; hy word net daar gevat en weggeneem; en sy ma en die kinders moet self sorg dat hulle terugkom by die huis. Hy sê die wyse waarop daardie man met sy pa gepraat het asof hy sommer 'n stuk vuilgoed is, het hom laat besef: dit maak nie saak hoe geleerd jy is nie, as jy 'n swart vel het, is jy vuilgoed. Daarom sê hulle vir my: ons sal liewer hierdie skole almal afbrand. Wat is hulle waarde eintlik vir ons? Om ons beter slawe vir die wittes te maak. Ons moet opgelei word sodat ons beter vir hulle kan werk. Dit gaan nie vir ons 'n beter posisie in die samelewing gee nie. Ons sal nie beter erkenning kry omdat ons geleerdheid het nie. Geleerdheid maak aan die houding van die witman teenoor die swartman geen verskil nie. Dít is die erns van die situasie wat mense doodgewoon nie kan verstaan nie.

*Hoe reageer die studente se ouers op hierdie gevoel?*

Die ouers is verward. Hulle sê die kinders ignoreer hulle. Hulle redeneer nie met hulle nie, hulle probeer hulle nie verset teen hulle nie, hulle ignoreer hulle net, hulle sê net vir hulle: dit is ons stryd en ons gaan hom stry; ons wil dit nie met julle bespreek nie of met julle daaroor baklei nie, ons gaan net aan met die stryd. Ek dink dit is gebore uit die gevoel dat hulle ouers vir hulle die indruk gegee het dat die situasie onveranderbaar is. Al doen jy wat, die blanke is

die baas, hy's die groot koning, hy's die wit god; julle sal niks regkry nie. En dit het hulle in die toestand laat in beweeg, dat hulle sien daar is geen uitkoms nie, daar is niks wat daarop dui dat 'n verandering kan kom nie. En daarom het hulle hulle sensitiwiteit verloor. Nou sal jy dadelik vra: maar hier gaan dan nou so baie veranderinge aan; die blankes dink dan die land is besig om nou so te verander, daar vind so baie hervorming plaas . . .

*Dis gewoonlik die blankes wat so dink.*

Ja, so ervaar die blankes dit. Maar as jy vir die swart jeug vra wat sê hulle van veranderinge, dan sê hulle: watter veranderinge? *Ons* weet nie van hulle nie, ons ervaar niks daarvan nie, ons situasie bly net dieselfde; die houding van die wittes bly net dieselfde.

*Dit lyk my dit kom daarop neer dat daar wat die situasie betref, twee heeltemal verskillende persepsies is.*

Ja, ek sou sê dat dit juis die uiteindelike werklike resultaat of vrug is van die apartheidsisteem, dat hy daarin geslaag het om twee wêrelde te kreëer, waar mense dieselfde land op twee totaal verskillende wyses beleef. Dit is die tragedie van die land, dat die wêrelde so van mekaar vervreem geraak het, en dat die *mense* in die twee wêrelde so van mekaar vervreem geraak het. Die vervreemding lei daartoe dat mense hulle gevoel van verbondenheid aan mekaar, en ook afhanklikheid van mekaar, totaal verloor. As jy jou nie verbonde voel aan mense wat jy elke dag sien, nie die interafhanklikheid besef nie, ontwikkel daar 'n al hoe groter weersin in mekaar. Dit móét revolusie veroorsaak. Dit kan tog nie anders nie. Wat ons op die oomblik beleef, is die werklike resultaat van die beleid van afsonderlike ontwikkeling wat oor 37 jaar met soveel geweld deurgedwing is in die Suid-Afrikaanse situasie. Daarmee is die hele simbiose van 'n samelewing versteur. My vader was nou nie 'n ondersteuner van genl Smuts nie, maar een van die vroegste konsepte waarmee ek te doen gekry het, is dat hy gesê het: Smuts se beleid is "Let things develop". Want die NG Kerk het al vóór 1948 so dikwels vir Smuts-hulle gevra om wetgewing te maak vir afsonderlike skole en afsonderlike universiteite,



afsonderlike woongebiede, 'n wet teen gemengde huwelike, al die dinge. En Smuts het gesê hy sal nooit so iets doen nie, want jy sal die samelewing versteur; jy moet die samelewing laat dat mense hulle eie wyse van lewe met mekaar uitwerk, mekaar op 'n spontane wyse leer ken, verstaan, en hulle eie manier van optrede teenoor mekaar uitwerk. Maar as jy die samelewing manipuleer, en dit het, lyk vir my, die mense nooit besef nie, in die sin dat jy hom "engineer", 'n bloudruk uitwerk, en mense forseer in die bloudruk in, omskep jy daardie samelewing in 'n totale chaos. Wat vir my tragies is, is dat die regering sê die ANC wil die land onregeerbaar maak. Maar *ons* het die strukture geskep om die land onregeerbaar te laat word. *Ons* is daarvoor verantwoordelik. En nou gaan ons en pak die skuld op die ANC.

*Hoe verklaar u die feit dat die NG Kerk reeds voor 1948 gepleit het vir die ingryping in die samelewing?*

Dis 'n interessante stuk geskiedenis. Die predikante van die NG Kerk wat verder in die teologie wou studeer vir hul doktorsgraad, het gewoonlik Utrecht toe gegaan. Maar ná die Du Plessis-stryd in Stellenbosch het daar 'n gevoel van versigtigheid en selfs ook afkeer teenoor Utrecht ontwikkel omdat mense gedink het die teologie daar is te liberaal, en toe is die predikante na die Vrije Universiteit van Amsterdam gestuur – wat natuurlik sterk gereformeerd-geöriënteer was, waar Kuyper se teologie ook 'n groot rol gespeel het. Die mense wat daar gepromoveer het, het die konsep van Kuyper se teologie oor die pluriformiteit van die skepping oorgeneem. Dié predikante het teruggekom na Suid-Afrika en eenvoudig die gedagte baie beklemtoon deur te sê: God het 'n groot verskeidenheid in sy skepping ingebou, en dat dit eintlik die wonder en rykdom van die skepping is. Dit sluit die verskeidenheid van die skepping in, en daarom moet ook die mense afsonderlik bly. Dit het natuurlik, volgens dié mense, vir die Suid-Afrikaanse situasie soos 'n handskoen gepas. Jy het dadelik begin om 'n teologiese motivering te kry vir die afsonderlikheid tussen wit en swart. Dit was die een invloed wat ingewerk het vanaf Abraham Kuyper. Ek is persoonlik daarvan oortuig dat Kuyper se pluriformiteitskonsep maar deel was van die hele negentiende-eeuse romantiek wat in die lug was in Europa. Dié invloed was in die

dertigerjare baie sterk in die NG Kerk. Maar natuurlik was daar ook die ander stroom gewees, die meer sekulêre stroom, van manne soos Piet Meyer, dr Diederichs, dr Verwoerd . . .

*Die Duitse idealisme?*

wat met die Duitse idealisme in kontak was, en ook teruggekom het. As 'n mens nou die dinge lees wat dr Diederichs geskrywe het in die vroeë dertigerjare . . . die gedagtes van die volksbewussyn en die volksnasionaliteit en -identiteit en al die goed . . . het oral in hulle geskrifte voorgekom. Die religieuse stroom en die sekulêre stroom het mekaar ontmoet in die Afrikaner-Broederbond, en daar is die konsep van die noodsaaklikheid van die skeiding eintlik gesmee, en al groter druk is begin uitoefen op die regerings vóór 1948 al. In 1935 het die NG Kerk vir die eerste keer 'n beleidsverklaring wat as 'n sendingbeleid uitgereik is, openlik verklaar dat apartheid volgens die Bybel is en dat 'n volk wat apartheid toepas, deur die Here geseën sal word.

*Is dit nie 'n vreemde alliansie tussen die Kuyperiaanse teoloë en apartheidsvoorstanders wat sover my kennis strek, nie altyd baie Christelik van lewensuitkyk was nie?*

Ja. Dit is natuurlik so dat die mense baie goeie bedoelings gehad het, en dat hulle eintlik die Kuyperiaanse idee omgedraai het om te sê: kyk, ons gun ons naaste wat ons self geniet, maar omdat die swartes nooit as hulle saam met ons is, tot hulle reg sal kom nie – hulle is nog nie beskawingsmondig nie, soos dit genoem is – daarom wil ons hulle apart hê, sodat hulle volgens hul eie potensiaal en hul eie aard tot hulle reg kan kom en al die dinge kan hê wat ons ook het. Baie mense dink vandag nog in dieselfde terme.

***Daar is al lank teoloë wat deur die pers beskou word as die verligte seksie. U is een van die min wat werklik die NG Kerk verlaat het. Kan u iets sê oor die oorwegings vir dié stap?***

'n Mens dink uit die aard van die saak maar na oor wat in jou plaasgevind het. Ek het in 'n huis grootgeword wat die hele nasionalisme sterk gesteun het. In 1948 was ek 'n derdejaarstudent aan die Universiteit van Pretoria. Al die Afrikaanse studente het daardie tyd gejuig en gedink nou gaan die koninkryk kom. Ek het in die bediening ingegaan met die gedagte van totale skeiding – trouens, ek het in 1948 geglo dat daar oor 25 jaar nie meer swartmense in Pretoria sal wees nie. In elk geval, ek dink ek het al 'n paar dinge geïdentifiseer wat my bewus gemaak het dat my houding en oortuigings nie heeltemal waterdig was nie. Die eerste was toe ek as 'n sendeling na Vendaland gegaan het. Dit was in 1956. Daar was verskeie ander sendelinge van die buiteland, en hulle het die gebruik gehad om twee keer elke jaar bymekaar te kom en 'n hele dag lank 'n gesprek te voer. Hulle nooi my toe ook daarheen en ek was die enigste Afrikaanssprekende, wit Afrikaner, by die vergadering. Etenstyd gaan hulle almal na die sendeling se eetkamer, waar wit en swart almal saam om die groot tafel sit. En ek kon nie saam met die swartes eet nie: ek het 'n psigologiese blokkade gehad. Die sendeling se vrou het seker 'n baie sensitiewe aanvoeling gehad; sy het toe vir my in 'n kamer langsaan alleen gedek. En daar sit ek alleen. En ek het by myself gedink: hoe kan hierdie ouens dit regkry om sommer met die swartes te vermeng, soos ek gedink het, en saam met hulle te eet? Maar ek het dit vir myself geregverdig deur te sê hulle is 'n klomp buitelanders, wat weet hulle nou eintlik van die swartmense in Suid-Afrika af? Hulle dink hulle ken hulle en weet nie hulle is 'n ander soort mens met wie jy nie sosiaal kan omgaan nie. Maar dit het tog iets in my losgemaak dat hierdie ouens die vryheid het om dit te doen, en ek kan dit nie.

'n Ander ding het gebeur in 1963, toe ek vir die eerste keer na Europa gegaan het en onder andere ook in Switserland uitgekom het. Ek het 'n sterk begeerte gehad om die belangrikste 20ste-eeuse teoloog sou ek sê, Karl Barth, persoonlik te gaan ontmoet. Ek is baie aangespreek deur sy geskrifte. Hy was gewillig om my te ontmoet, al was ek nog maar 'n jong predikantjie. Ons het lank gesels oor wat Barth van die toekomstige ontwikkeling van die teologie in Europa dink. Toe ek sê ek moet gaan, sê hy: maar ek wil jou 'n persoonlike vraag vra: is jy vry om die evangelie in Suid-Afrika te verkondig? Ek sê toe ja. In daardie tyd het ek ook gedink ek's vry, want ek het natuurlik die evangelie verkondig ooreenkomstig

die idioom wat in Suid-Afrika bestaan en daarom het ek myself vry gevoel. Hy sê toe: Ja, maar jy weet, vryheid beteken darem meer as dit. Is jy so vry dat as jy die evangelie so verkondig dat dit nie in die gangbare idioom is van die mense aan wie jy dit verkondig nie en hulle teen jou in opstand kom daaroor, dat jy dan nog daardie evangelie sal verkondig? Ek sê toe ek het nie veel ervaring daarvan nie, maar ek dink ek sal bereid wees om dit te doen. Hy sê toe maar jy weet, vryheid beteken nog baie méér. As die staat eendag vir jou sê daardie evangelie word nie in hierdie land verkondig nie, sal jy dan nog vry wees om dit te doen? Ek sê toe ek weet nie, ek dink nie daar sal ooit so 'n situasie in Suid-Afrika ontwikkel nie. Barth het dit natuurlik vir my gevra omdat hy geweier het om die eed van trou aan Hitler te gee, en 24 uur kennis gekry het om oor die grens te wees.

Dit het my baie diep laat dink of ek werklik daardie vryheid het. Maar in elk geval: ek het toe net daarna lid van die Afrikaner-Broederbond geword. En in die 10 jaar van my lidmaatskap van dié organisasie het ek werklik begin dink ek is nie vry nie, want ek kon nie meer die evangelie aan mense verkondig soos wat ek dit ontdek het in my bestudering daarvan en soos wat dit my dikwels aangespreek het nie. Ek het geweet ek kan dit nie gaan sê nie, want die mense sal my kruisig. Dit het vir my 'n verskriklike gewetenswroeging geword dat ek nie meer 'n vry mens is nie. Juis die ding wat Barth gesê het, het waar geword van my. Vir 'n hele aantal jare was ek dikwels as ek saans by die huis kom, so ontsteld dat ek nie kon slaap nie, en my vrou het naderhand vreeslik ongeduldig geword, want sy't gesê ek moet eenvoudig bedank omdat dit my psigologies ruïneer. Ek het gesê ek kan nie, dis so goed as om sosiale selfmoord te pleeg. Tot op 'n tydstip toe ek, glo ek, genade van Bo gekry het, dat ek een aand op 'n punt gekom het waar ek gesê het: kyk, ek weier nou om voort te gaan. Daarom het ek in 'n vergadering opgestaan en gesê ek breek weg van hierdie goed, wat die konsekwensies daarvan ook mag wees. Mense wat aan so 'n ding behoort, is nie vry nie. Ons dink ons dien ons land en hou die Afrikanerdom in stand, maar ons is juis besig om hom ten gronde te rig. Mense is nie vry om te dink soos hulle wil dink en te besluit soos hulle graag wil besluit nie; hulle word, sonder dat hulle dit weet, deur hierdie organisasie geïndoktrineer om op 'n bepaalde wyse te dink. Dit het by my 'n gevoel van enorme bevryding gebring om die organisasie te verlaat. Toe ek dié gevoel kry en dinge begin sê, het dit my natuurlik onmiddellik in botsing gebring met die hele sisteem.

*Wanneer was dit?*

Dit was in 1975. Toe het die botsing eenvoudig opgebou en opgebou, trouens dit was naderhand so dat as ek iewers preek, daar altyd moeilikheid daaroor is. Ek het herhaaldelik ook voor kommissies van ondersoek van die Kuratorium verskyn, terwyl dit eintlik ongehoord is dat dosente voor sulke kommissies verskyn. By die laaste geleentheid het ek die aand teruggekom en vir my vrou gesê: Jy weet, ons bid nou altyd, maar eintlik is dit nie altyd so aktueel nie. Hier is nou 'n situasie wat baie aktueel geword het. Na hierdie verskyning voor die kommissie moet ek 'n keuse maak. Gaan ek teologie doseer in teorie en geen toepassing maak op die Suid-Afrikaanse situasie nie en op Stellenbosch bly vir die res van my loopbaan? Of gaan ek probeer om die konsekwensies van die teologie wat ek doseer, vir die studente uit te spel, wat vir ons een langdurige stryd gaan wees? Nou voel ek dat ek wysheid en leiding van Bo nodig het om daardie keuse te maak.

Nou sal jy my nie glo nie, maar die volgende middag sit ek in my studeerkamer en daar lui die deurklokkie, en hier staan 'n posman met 'n telegram in die hand. Ek skeur oop: ek is na die swart gemeente Mamelodi in Pretoria as predikant beroep.

*Was dit 'n uitkoms?*

Ek lees dit weer en ek dog: ek gaan nie hieruit kom nie, maar Here dis nie wat ek bedoel het nie; ek het gedink aan 'n keuse tussen stilbly of bly praat, maar nie aan weggaan nie. Op hierdie tydstip van my lewe en my loopbaan kan ek tog nie alles los en weggaan nie. Ek het letterlik in trane uitgebars. Die posman het my met groot verbasing gestaan en aankyk en seker gedink dis baie slegte nuus wat ek gekry het. My vrou was in daardie tyd besig om by Groote Schuur te spesialiseer en sy het altyd eers so teen vyfuur die middag teruggekom. Ek dog toe, laat ek dit nie dadelik

as bonatuurlike leiding ervaar nie; as ek dit aan Ellen voorle, sê sy dalk dis absurd, dan kan ek vir my gewete sê ek kan darem nie Stellenbosch verlaat en dan ook my vrou verlaat nie. In elk geval: toe ons die middag sit en gesels, haal ek die telegram uit en sê: kyk wat het gebeur. En sy lees dit, en sy lees dit weer en kyk in my oë en sê: jy weet natuurlik ons het geen keuse nie, ons sal moet gaan.

*Het u die gevoel dat u besluit om Stellenbosch te verlaat en in die bediening te tree in die swart gemeenskap, u 'n groter insig gegee het in die situasie in die land?*

Ja. Laat ek dit so stel: ten spyte van die pyn wat dit teweeggebring het om na 16 jaar jou wortels uit te trek en afstand te doen van jou tuin en jou huis wat jy gemaak het soos jy dit graag wil hê, en die vriendekring en die atmosfeer van Stellenbosch, het dit nog 'n stuk bevryding gebring. Ek het geweet daardie raamwerk waarin ek moes pas as professor aan die kweekskool bind my nie meer nie. Dinge het toe ook vir my duideliker geword. By die laaste geleentheid het die studente my gevra om te sê wat ek probeer bereik het in my dosering van die teologie op Stellenbosch. Ek het toe gesê ek dink die ding wat vir my altyd vreeslik belangrik was, was om aktuele teologie te probeer doseer, teologie wat betrekking sal hê op die situasie, op die konteks, spesifiek dan ook in Suid-Afrika. Maar ek besef nou eers dat jy aan die kweekskool nooit werklik relevante teologie sal kan doseer voor die dag nie kom dat op die banke van hierdie kweekskool swart studente, bruin studente, wit studente, Indiërstudente saam sit nie; wat saam sal luister na die teologie wat gedoseer word, saam sal worstel om te vra wat sê die Bybel vir ons, en die Indiër vanuit sy kulturele wêreld, en die swartman vanuit sy kulturele wêreld, en die bruinman en die witman, elkeen 'n eie inset sal kan lewer oor hoe hulle die openbaring verstaan, en wat dit beteken vir die konteks en situasie in Suid-Afrika. Dan eers sal die teologie op Stellenbosch werklik 'n relevante teologie wees. En die laaste aand by die dosente – dit was ook heeltemal 'n spontane gesprek – het ek ten slotte gesê: wat vir my vreeslik tragies sal wees, is as dat dit op 'n tydstip in die geskiedenis sal moet blyk dat hierdie manne met



al die talente en gawes wat hulle ontvang het en al hul ywer, hulle lewe gewy het aan 'n saak wat nie relevant was nie. Dat dit dalk kan blyk dat die NG Kerk geheel en al irrelevant was vir die Suid-Afrikaanse situasie. Ek het agterna geskrik dat ek dit vir hulle gesê het. Toe het ek bygevoeg dat van die studente vir hulle as dosente sê dat indien hulle nie vir hulle in 'n duidelike taal gaan sê . . . uitspel . . . wat die konsekwensies is van die teologie wat hulle leer nie, dat die kerk dan irrelevant gaan word. Van die studente het vir my gesê jy's die enigste een wat probeer uitspel wat die konsekwensies is van bepaalde teologiese konsepte. Daaruit het ek afgelei dat die ander dosente eenvoudig nie konkreet met die mense praat oor wat dit beteken nie. En as hulle dit doen, sal die studente uiteindelik ook in die gemeentes ingaan en ook nie bereid wees om die konsekwensies van die evangelie uit te spel nie.

*Sit die NG Kerk nie wat dit betref in 'n geweldige dilemma nie, in dié sin dat die kerk in sy eie struktuur en historiese ontstaan eintlik 'n bestendiging van die apartheidstruktuur is? Ek dink aan afsonderlike kerke en 'n lang geskiedenis van kerklike steun vir regeringsbeleid.*

Kyk, daarom is dit my oortuiging dat die NG Kerk al hoe meer irrelevant geword het in die Suid-Afrikaanse situasie. Wat die NGK op die oomblik te sê het, het werklik net negatiewe waarde, geen konstruktiewe, positiewe waarde nie. Die eerste keer toe ek moes verskyn voor 'n kommissie van die kuratorium op Stellenbosch – dit was 'n vreeslike ervaring dat 'n professor voor 'n ondersoekkommissie moes verskyn – was dit na aanleiding van prof Heyns, wat 'n klasmaat en later 'n kollega van my was. Ons het met mekaar lang gesprekke gehad en baie oor die kerk gepraat. Hy het toe by geleentheid gesê die grondrede waarom NGK-mense so min begaan is oor die wêreld en die konkrete situasie waarin hulle hulle bevind, is die invloed van die piëtisme. Die piëtisme maak mens wêreldvreemd. Ek het toe gevoel ek kan dit darem nie laat verbygaan nie. Ek het toe 'n brief aan *Die Burger* geskryf en gesê prof Heyns weet tog dit is nie die rede nie. Die eintlike rede is dat hulle so tevrede is met die situasie. Hulle aanvaar die situasie vanselfsprekend as 'n Christelike situasie, en daarom is dit eintlik die

ideale situasie. Die rede daarvoor is dat die NG Kerk en die Afrikanervolk so in mekaar se arms beland het. Hulle het boesemvriende geword. Na die Anglo-Boereoorlog, toe die Afrikaner platgeslaan was, het die NG Kerk hom gaan optel. Dit was goed en dit was reg. Die kerk het werklik 'n diensfunksie vervul. Maar toe die Afrikaner uiteindelik tot sy reg kom, veral toe hy in 1948 die bewind feitlik finaal oorgeneem het, toe het die kerk hom nie losgemaak van die Afrikanervolk nie, maar het die kerk en die volk in mekaar se arms voortgegaan. As 'n kerk en 'n volk in mekaar se arms beland, vind daar 'n geboorte plaas van iets wat baie gevaarlik is. Ek beskou die hele sisteem van apartheid as iets wat gebore is uit hierdie omhelsing en liefkosing. My brief het natuurlik 'n verskriklike storm ontketen, so erg dat die kuratorium geoordeel het dat ek voor 'n kommissie moet verskyn om myself te verantwoord. Dit was nog in die tyd toe die befaamde wyle oom Koot Vorster, salige nagedagtenis, en Kosie Gericke en daardie manne voorsitter en lede van die kuratorium was, en om voor hulle te verskyn, was geen grap nie. Ek dink dié dinge het 'n mens naderhand ook gestaal, want as jy jou moet verantwoord in 'n situasie, moet jy bereid wees om eenvoudig daar te gaan staan en te sê: dit glo ek. Nou ja, ek is toe ernstig geskrobbeer en daar is gesê dat ek die kweekskool in die gedrang bring. Trouens, dit is elke keer deur 'n kommissie aan my gesê dat ek die kweekskool in die gedrang bring, en die NG Kerk in die gedrang bring, want die NG Kerk spreek hom nie sommer uit teen die bestaande orde nie, want dit veroorsaak net dat daar verwarring by die lidmate ontstaan. My uiteindelike vertrek van Stellenbosch het tog ook 'n geweldige stuk bevryding vir my gebring in dié sin dat ek nie gedurig meer in daardie konteks vasgevang gesit het nie waar jy altyd weer tot orde geroep word en vir jou gesê word: kyk, hier is jou grense en jy mag nie verder gaan nie. En dit het my ook 'n duidelike begrip gegee van wat Barth vir my gevra het. Jy moet so vry wees dat as mense jou grense vir jou trek, jy kan sê maar die evangelie se grense lê anderkant daardie grense; ek kan nie by die menslike grense stop nie, ek moet oorgaan.

***U het duidelik al ervaring van gesprekke met lede van die ANC. Daar word gesê die ANC is 'n gewelddadige organisasie, en dat***



***daar alleenlik 'n gesprek kan plaasvind as hulle geweld prinsipieel afgesweer het. Hoe sien u hierdie eis wat van regeringskant aan die ANC gestel word?***

Dit is die demoniese illusie wat eenvoudig by die wit inwoners van hierdie land tuisgebring is: dat die ANC nie die reg het om hom in 'n oorlogsituasie te wil bevind met die Suid-Afrikaanse regering nie. Wie was die ANC? Vanaf 1912 tot 1960 was hulle 'n legitieme politieke organisasie wat hulle beywer het vir die politieke regte van die swartman in hierdie land. Toe is hulle verban. Nou wat moes hulle doen? Moes hulle gesê het: goed, nou moet ons maar gaan lê en tevrede wees. Hulle het eenvoudig gesê: nou is daar geen ander weg oor as om 'n bevrydingsoorlog te begin nie. Ek sou die vraag wil stel: as Engeland vir die Boere in die Anglo-Boereoorlog sou gesê het: as julle gewillig is om die wapens neer te lê, dan sal ons met julle praat . . . Dis tog belaglik. Die Boere sou gesê het maar is julle gek? Ons is mos in 'n oorlog. Die ANC sê ons is in 'n oorlog, en 'n mens gaan tog nie in 'n oorlog vir die ander party sê ek sal met jou praat as jy geweld afsweer nie. Nee, liewe aardbodem tog, hulle is bewus daarvan dat hulle die grootste persentasie van die inwoners van hierdie land verteenwoordig, en jy kan tog verwag dat hulle nie sal ophou nie tensy die Suid-Afrikaanse regering sê ons is bereid om 'n wapenstilstand uit te roep en te onderhandel oor die toekoms van hierdie land. Dit is net so geweldig dat die wit bevolking wys gemaak word dat dié mense 'n klomp terroriste is en dat hulle geen reg het om in opstand te kom nie, terwyl dié mense dit ervaar as 'n bevrydingsoorlog; dis 'n bevrydingstryd wat hulle stry. Dit is ook weer aan die ander kant die teenspraak: verskeie regeringswoordvoerders praat al van die oorlogsituasie waarin ons ons bevind. Nou goed: met wie is die oorlogsituasie? Hulle sê dit is die kommuniste, maar daarmee sê hulle eintlik dit is die ANC; hulle erken tog dis die ANC. Dit is daarom my oortuiging dat ons, as ons werklik 'n relevante bydrae wil lewer — ek sê nie ons kan versoening tussen die ANC en die regering bewerkstellig deur met die ANC te gaan praat nie — ons ten minste kan probeer om 'n klimaat te help skep; ons kan terugkom en hier in Suid-Afrika informasie verstrek van wat ons uit gesprekke met die ANC self gekry het. Om vir die

kerke te sê: dit is waarvan ons oortuig is van wat sal moet gebeur om ons situasie te ontlont, om nie ons land uiteindelik in 'n chaos en in 'n bloedbad en in 'n poel vuur te laat verander nie; dit is die realiteite waarop die Suid-Afrikaners in hierdie land, wit en swart, antwoorde sal moet vind. En die kerk het 'n verantwoordelikheid om mense daarmee te help. Wat is julle bereid om te doen in die lig van hierdie feite?

***Die regering sê dat hy reeds genoeg informasie het om te kan besluit dat so 'n gesprek nie in die landsbelang is nie.***

Ek kan dit begryp, ek bedoel: in 'n oorlog sal jy natuurlik ook geen land kry wat nie sal sê ons beskik oor genoeg informasie dat die ander kant geweldenare is en vreeslike dade pleeg nie. As jy met die ANC-mense praat, dan kan hulle vir jou weer reekse van gewelddadigheid en van die vreeslike optrede van die Suid-Afrikaanse weermag en van die polisie opnoem. Hulle kan vir jou ritse dinge noem om hulle stelling te ondersteun dat die Suid-Afrikaanse regering 'n sisteem van geweld is wat mense dag vir dag op 'n gewelddadige wyse laat sterf.

***Dink u die regering kan nog sonder geweld regeer?***

Ek is bevrees nie. Die sisteem wat geskep is, kan alleen met geweld in stand gehou word. Dit is vir my ook die tragiek van ons huidige Suid-Afrikaanse situasie, dat die wit bevolking, en ook by name die regering, gevangenes geword het van die sisteem wat hulle geskep het. Ek dink hulle wil hom graag verander, maar hulle kan hom nie verander kry nie. Dit laat my dink aan wat dr. Verwoerd by 'n geleentheid gesê het waar ek self teenwoordig was, dat hy die konsep van apartheid so diep in die Suid-Afrikaanse samelewing wil implementeer dat watter regering ook al aan bewind mag kom, hy nie in staat sal wees om dit ongedaan te maak nie. Ek dink dikwels aan daardie woorde van die man. Ek dink dit het letterlik waar geword: hy het apartheid, skeiding, op so 'n intensiewe wyse geïmplementeer dat ek dink die arme regering wil nou van die strukture ontslae raak, maar hulle kan nie. Die strukture het die samelewing vas laat stol; deur die geweld van die skeiding het



verskillende wêrelde ontstaan. Nou't jy strukture wat jy nie sommer in 'n dag weer kan afbreek en sê: nou haal ek al hierdie omheinings en mure en drade wat ons gespan het weg en sê alles is nou oop nie. Dan is die regering môre self in 'n bloedbad met sy eie mense.

***'n Analise van die situasie en 'n moontlike oplossing sou miskien die verdwyning van die huidige regering as voorwaarde stel. Is die regering nie maar net besig om op die oomblik vir sy eie magsposisie te veg nie?***

Ja, ek sou dit werklik so beskou: die huidige regering gee my die indruk dat hulle veranderinge probeer aanbring en die situasie ontlont, maar dit gaan meer om hulle eie magsposisie te behou. Hulle word geforseer om veranderinge aan te bring, maar terselfdertyd word dit al hoe duideliker dat die veranderinge nie die effek het wat dit moet hê nie. Dit verander nie wesenlik die Suid-Afrikaanse situasie nie. Dit verander nie die ingesteldheid van mense nie, want jy't 35 jaar mense geïndoktrineer om op 'n bepaalde wyse oor swart mense te dink. Met ander woorde jy het mense geïndoktrineer om nie oor swart mense te dink in terme van 'n normale siening nie. Wat vir my ontstellend was toe ek terugkom – ná 16 jaar op Stellenbosch, wat in 'n sekere sin tog maar verwyderd is van die werklikheid van Suid-Afrika – was die mensbeskouing wat hier by wittes as gevolg van die sisteem ontstaan het. Weet jy hoe't ek daarvan bewus geword? Die eerste Saterdag nadat ek as predikant bevestig is in die swart gemeente hier, bel 'n man my en sê hy't 'n probleem. Die swart man wat in sy tuin werk het gesterwe en hy weet nie wat om te doen nie. Ek sê toe hy moet die man se familie in kennis stel, hulle sal verantwoordelikheid aanvaar daarvoor. Hy sê maar dis die probleem; hy weet niks van die man se familie af nie. Ek sê toe dan moet hy die polisie kontak in die gebied waar die man vandaan kom. Hulle sal in staat wees om sy familie op te spoor. Hy sê toe hy weet nie waar die man vandaan gekom het nie. Ek se wel, sy kerk behoort darem minstens te weet. Hy sê: ek het nog nooit gehoor dat hy aan 'n kerk behoort nie. Toe vind ek uit dat die swartman 20 jaar by hom gewerk het. Die swart man is begrawe en lidmate van ons kerk het sy kis na die

graf gedra – 'n totaal onbekende man. En ek het gedink dit is 'n uitsondering. Tot my skok ontdek ek ek kom herhaaldelik op dieselfde soort situasie af. Onlangs 'n swart vrou wat dertig jaar in die huis gewerk het, en hulle weet nie haar van nie, net haar naam. En ek het tot die oortuiging gekom dat wat hierdie sisteem gedoen het, is dat hy aan die wittes 'n funksionele mensbeskouing omtrent swartes besorg het. Dit het my laat dink aan 'n politieke vergadering wat ek ná 1948 hier in die stadsaal van Pretoria bygewoon het, en die destydse Minister van Naturellesake het daardie aand 'n ding gesê wat my bygebly het. Hy't gesê: julle moet nou onthou, voortaan as julle swartmense hier in die strate van Pretoria sien loop, onthou hulle hoort nie hier nie. Hulle is nie deel van ons samelewing nie, hulle behoort elders in hulle eie tuisland. Hulle is net hier om bepaalde funksies te vervul, en as hulle dit afgehandel het, gaan hulle terug na hul tuisland toe. En dit het lettelik waar geword. Witmense sien swartmense as funksies. Hulle het implemente geword wat in die huis is. Dis 'n masjien wat hier besig is om die dinge te doen. Jy vra nie vir 'n masjien: hoor hierso, het jy broers en susters, of waar is jy gefabriseer, of wat is jou gevoelens, of hoe gaan dit met jou mense by die huis nie. Jy't gewoon geen persoonlike kommunikasie nie. 'n Funksionele mensbeskouing is een van die vreeslikste, gevaarlikste dinge. Afgesien van die Christelike lewensbeskouing dat jy elke mens as 'n skepping van God moet sien, wat 'n beelddraer is van God en nog veel meer: dat hy ook 'n geweldige groot waarde het omdat God Sy Seun vir hom gegee het . . .

*'n Funksionele mens is 'n vervangbare mens.*

Ja, hy is vervangbaar en jy kan hom wegwerp. Ek sidder as ek dink aan die moontlikheid dat die onrus uit die swart woongebiede kan begin oorloop na die wit woongebiede toe – en dit kom! Wat ons nou in Johannesburg en Kaapstad gesien het, is vir my die aanduiding dat dit kom; en wat sal gebeur as die blankes (en ek wonder hoe 'n groot persentasie van hulle loop nie vandag reeds gewapen rond nie) hulle pistole en rewolwers uithaal en self begin skiet?

*Is daar nog die moontlikheid van 'n vreedsame afloop?*



Jy sien, ek kan geen ander weg sien as dat daar erken moet word dat die swart man 'n wesenlike deel van hierdie land is en dat hy politieke reg hier het en dat hy wesenlik by die politiek betrek moet word nie. Ek is nie 'n politikus om die moontlikhede uit te werk nie, maar ek het nog altyd in my kop die gedagte: waarom kan ons nie die soort kantonstelsel van Switserland hier uitgewerk kry nie? Hoekom wil die politici nie daaraan werk nie? Dit lyk tog vir my asof dit iets is wat kan werk. 'n Ander alternatief is eenvoudig 'n swart meerderheidsregering. Ek is daarvan oortuig dat mense wat daardie realiteit nie aanvaar nie, Suid-Afrika moet verlaat. Dit is die realiteit van die toekoms, of ons dit wil weet of nie. Oor die afwendbaarheid van 'n revolusie? Gerrit, my persoonlike oortuiging is hy's onafwendbaar. Ons het 'n situasie geskep wat 'n revolusie moet moontlik maak. Wat hom onafwendbaar maak. Ons het hom geskep. Nou sê ek vanuit 'n teologiese oogpunt - dit is my eie geskiedenisbeskouing uit 'n teologiese oogpunt - dat God gee aan die mens die vryheid om aan sy eie toekoms vorm te gee. Maar die basiese konsep wat daarby betrokke moet wees, is dat jy nie jou eie toekoms moet vul net deur jouself te bevoordeel en vir jouself 'n eie hemel te skep nie. Die diepste waarheid wat Christus na hierdie wêreld gebring het, is dat die diepste sin van menswees beteken om ander te dien en nie jouself nie, jou eie god te wees nie. As jy dit nie as die werklike motief sien nie en jy vul jou toekoms net met die oog op jou eie instandhouding en jou eie voordeel, dan word die hemel wat jy dink jy vir jouself skep, die hel. Daardie situasie wat jy self geskep het, wreek hom op jou – en dit word dan God se oordeel oor jou.

*Wat van die argument wat heeltyd voorgehou word dat die ANC 'n kommunistiese organisasie is? Dit beteken in Suid-Afrika dat enige sprake van onderhandeling by voorbaat uitgesluit word. Hoe sien u dit?*

Polities kan dit waar wees. 'n Anti-kommunistiese regering kan besluit ek wil met geen kommunis praat nie. Maar die kerk is nie 'n regering nie. Die kerk het 'n roeping om met alle mense te praat. En as Christus sê jy moet jou vyand liefhê, dan beteken dit konkreet dat jy bereid moet wees om met hom 'n gesprek te voer.

Tensy ons Christus se lering beskou as iets bowe-aards wat nie met hierdie werklikheid te doen het nie. Ek dink dit is juis die aktualiteit van hierdie poging van kerkmanne om 'n gesprek met die ANC te voer. Dit is om die evangelie aktueel te maak en te sê hy het betekenis ook in 'n konkrete politieke situasie waarin ons sê ons moet ook 'n gesprek voer met dié mense wat as ons vyande beskou word. En as die Christen sê ek voer nie met 'n Marxis 'n gesprek nie, dan is dit tog net 'n wantroue wat hy in die evangelie stel. Watter soort evangelie het jy wat nie in gesprek kan tree met die Marxisme nie? Nou word daar gesê: waar Christene in gesprek tree met die Marxisme, word die Christene almal self Marxiste. Maar dis darem die grootste aantasting van die krag en die waarheid van die evangelie. Met ander woorde dat Marxisme eintlik God is, dat hy sterker as die evangelie is.

*Dink u dat 'n Christelike benadering en 'n Marxistiese ekonomiese beskouing onversoenbaar is?*

Ek sou my nie met gesag daaroor wil uitlaat nie. Maar ek wil dit sê: die kerk mag nooit sê ons moet ten alle koste verhoed dat daar 'n Marxistiese bestel aan bewind kom nie. Kyk, die kerk moet bly voortbestaan, of dit nou in 'n Marxistiese staat of watter staat ook al is. Uiteindelik moet hy sê: in die situasie in watter bestel ook al, moet ek probeer om my getuienis te lewer.

*Dr Smith, net 'n laaste vraag. Hoe voel u oor die inisiatief van die agt Maties?*

Toe ek op Stellenbosch was, het ek iets gehad wat 'n bietjie as 'n chauvinistiese houding beskou kon word. Jy het mense seker al hoor sê: wat op Stellenbosch gebeur, gebeur in die res van Suid-Afrika. Dat Stellenbosse studente so 'n radikale – in aanhalingstekens – besluit kon neem om met die ANC te gaan praat, is vir my tog 'n aanduiding dat daar by die Afrikaner in sy gemoed dinge begin losraak -- die besef dat hierdie sisteem nie meer aanvaarbaar is nie; hierdie sisteem het uitgedien geraak, daar moet gesoek word na ander weë. Dis vir my een van die hoopvolste tekens dat sulke jong studente van 'n Afrikaner-universiteit die behoefte voel



en die insig het om te gaan praat met mense wat as die vyand bestempel word en van hulle persoonlik wil hoor wat hulle te sê het. Dit is ons toekoms wat ook op die spel is, en dis ons wat in die toekoms 'n weg met mekaar moet vind. Miskien is hulle die vroeë swaeltjies wat die somer aankondig.

*Is u besoek aan die ANC nog aan?*

Wat my betref is hy aan. As die regering eenvoudig sê ons laat julle dit nie toe nie, dan sal ek sê: wel, die regering het die mag om my te weier, maar ek sal bly voortgaan om te sê sodra dit moontlik is, wil ek dit doen. As die regering dit weier, sal ek my ook geroepe voel om te sê hoe beoordeel ek hulle optrede, en ek sal ook die kerk aanspreek omdat hy binne so 'n sisteem daarin geslaag het om hom nog altyd vry te voel – met die gevolg dat hy nog nooit met die regering tot 'n openlike botsing gekom het nie.

30 Oktober 1985

ANTON STEENKAMP EN ERIC LE GRANGE

*Hoe het die plan ontstaan om Lusaka toe te gaan?*

**ANTON** Die plan het oorspronklik ontstaan aan die einde van verlede kwartaal by twee junior studente wat huisvriende is van prof HW van der Merwe van die Sentrum vir Intergroepstudies in Kaapstad. Die twee het met my en Eric kom gesels en ons was almal baie entoesiasties oor die idee. Toe het hulle vir prof HW gekontak. Hy het al verskeie kere met die ANC kontak gehad; hy en o.a. Piet Muller van *Beeld* het in Lusaka met die uitvoerende komitee gepraat. Toe het prof Van der Merwe vir Thabo Mbeki gekontak, wat op die ANC se uitvoerende komitee is, en hulle het 'n teleks aan hom gestuur en gesê daar is van die ANC se jeugliga 'n staande uitnodiging vir 'n gesprek, en ons is baie welkom om te kom; hulle sal sorg vir verblyf en alles wat ons nodig het.

**ERIC** Daar was 'n loodskomitee van sewe mense wat eerste gekontak is deur die twee junior studente.

**ANTON** Toe't ons bymekaargekom en gekyk wie ons nog by die groep sal kan betrek. Daar is geprobeer om 'n redelik verteenwoordigende deel van die Stellenbosse gemeenskap te betrek. Die samestelling getuig daarvan dat dit definitief nie net die linkerkant van die politieke spektrum verteenwoordig nie. Daar's verteenwoordigers van verskillende politieke sienswyses en ook uit verskillende sfere in die gemeenskap, soos die SR, KJA (Kerkjeugaksie), *Die Matie*, SAAK (die Stellenbosse Aktuele Aangeleentheidskring), en die Debatsvereniging. Dis 'n redelik verteenwoordigende groep.

*Hoekom het julle gevoel dis noodsaaklik om te gaan? Of nuttig om te gaan?*

**ERIC** Ek dink ons almal binne die groep het verskillende motiverings. Voor die hele storie, dink ek, het bitter min van ons daaroor gedink. Totdat ons op hierdie staande en onvoorwaardelike uitnodiging afgekom het. Toe het ons gedink dat indien hierdie gesprek wel sou plaasvind, dit baie geskiedkundig kan wees. Ons was onder geen illusies daaromtrent dat jy SA se probleme kan oplos, of met baie drastiese of radikale konsensuspunte daar sou weggaan nie. Ons het eintlik meer gegaan met die idee van gesprekvoering vanuit die Afrikaner-establishment, en veral die Afrikanerjeug.



**ANTON** Dit gaan vir my doodeenvoudig om twee uitweë wat daar vir ons is in die land: een is 'n staat van beleg en 'n spiraal van geweld wat al hoe meer eskaleer, en 'n ander oplossing is om met mekaar te praat en 'n oplossing langs daardie weg te soek. Ek dink as mense bereid is om te praat sonder om voorwaardes te stel, is dit 'n kans wat jy absoluut moet aangryp sonder om twee keer te dink.

*Het hulle geen voorwaardes gestel nie?*

**ANTON** Hoegenaamd nie.

*Daar is gesê dat julle met 'n gewelddadige organisasie wou gaan onderhandel.*

**ANTON** Dis vir my 'n bietjie skynheilig van die regering om dié argument te gebruik. Ek weet nie of hulle UNITA en RENAMO nie as gewelddadige organisasies beskou nie. Ek sou sê dis bloot naïef om te dink dat die ANC eers geweld moet afsweer voordat jy met hom kan begin onderhandel. In die hele politieke toestand op die oomblik is dit 'n "pipe dream" om aan so iets te dink. Die belangrike vir my is dat 'n mens ten minste moet probeer om 'n gesprek aan die gang te kry.

**ERIC** Onderhandel is definitief die verkeerde woord om te gebruik. Ons het niks om oor te gaan onderhandel nie. Al wat ons kan doen, is om 'n gesprek te gaan voer. Dit was ook nie konkel met die vyand, soos gesê is nie. 'n Mens hoef nie saam te stem om 'n gesprek te voer nie.

**ANTON** In elk geval verteenwoordig ons geen politieke magsgroep nie, en is ons nie verbonde aan 'n spesifieke politieke ideologie wat ons daar moet gaan sit en verkondig nie. Ons kan uit die aard van

ie saak baie meer pragmaties wees daaromtrent, omdat daar in die roep self verskillende politieke sienings is. Verder kan ons op hierie stadium van ons lewe ons nog die mate van vryheid toelaat om dees te vorm, en ons kan met mense gesels sonder dat ons vasgeang is in 'n ideologiese spel waar ons moet "posture" om 'n seke- punt oor te dra, en hulle doen dieselfde. Ons wou bloot gesels p 'n "grass roots"-vlak.

RIC En nog belangriker: ons het nie 'n spesifieke staatkundige truktuur waaroor ons gesprek wil gaan voer nie. Die staatkundige truktuur is baie beperkend, en dit is noodwendig dat jy dan van ekere premisse af moet gesels. Ons is nie gebonde aan enige potieke party, en dan noodwendig ook 'n politieke bestel nie. Dis et die uitruil van idees, dis die uitruil van standpunte, en om 'n esprek te voer met mense wat jy glad nie ken nie, van wie jy glad ie weet nie; jy weet net hulle bestaan.

*ulle noem dit 'n gesprek en geen onderhandeling nie – maar het nigeen van julle 'n duidelike idee van wat julle graag sou wou sê Lusaka?*

NTON Dis baie moeilik. Ek sou nie graag met vooropgestelde lees soontoe wou gaan nie, omdat jy jou dan onmiddellik beperk n onmiddellik uit 'n sekere bevooroordeelde oogpunt praat. Maar k dink die een ding wat vir ons almal belangrik is, is dat ons graag die toekoms in hierdie land sal wil bly en dat ons vreedsaam hier il bly, dat ons bereid is om verandering te sien, maar dat ons dit et 'n minimum geweld sal wil sien verander, en dat ek in 'n toeomstige SA sal wil sien dat menseregte beskerm word, en dat ense in vrede saamlewe sonder dat daar 'n gedurige magstryd is. en van die belangrike goed waaroor 'n mens sou moet gesels, is ie hele sosiaal-ekonomiese stelsel wat ons sou voorstaan en wat ie ANC sou voorstaan. Wat ek ook baie graag sou wou uitklaar, verskillende klousules in die Vryheidsmanifes. Hoe interpreteer ulle dit, en hoe sou hulle dit wil implementeer?

*an jy 'n voorbeeld noem?*



ANTON Wel, een van die dinge in die Vryheidsmanifes wat vir my hoop gee, is dat "South Africa belongs to all who live in it, black and white". Ek sou graag wou weet of hulle nog steeds sterk voel oor daardie punt, en of hulle dit soos AZAPO op hierdie stadium verwerp. En dan sou ek veral rondom die ekonomie graag wil hoor hoe hulle beplan om 'n herverdeling van rykdom te bewerkstellig, en in hoe 'n mate hulle nasionalisering voorstaan.

*Daar is 'n klousule wat praat van die nasionalisering van grootkapitaal, die myne . . .*

ANTON Ja. Wel, in die veertigerjare het dr Nico Diederichs ook nasionalisering bepleit, maar dit het nie baie ver gekom nie. Op hierdie stadium sou dit miskien vir hulle moeilik wees om enigsins af te wyk van hierdie standpunt, maar ek dink as 'n mens met werklikhede in aanraking kom, word jy gedwing om in 'n mate pragmaties te wees. Ek sou graag wou weet hoe sterk hulle staan op standpunte soos daardie.

*Wat van die ander standpunt dat daar geen sprake kan wees van onderhandeling oor die toekoms van SA alvorens apartheid heeltemal afgeskaf is nie, en alvorens ook die staatsapparaat in die vorm van die leër en polisiemag afgetakel is nie? Dink jy dit sou onderhandelbaar wees?*

ANTON Ek kan nie voorspel nie. Dis een van die dinge waaroor 'n mens sou moet gesels.

ERIC Vir my was dit uit die staanspoor duidelik dat daar verskillende dinge is waaroor ons definitief nie gaan saamstem nie. Ek het ook sekere idees en verwagtinge, en sekere dinge wat vir my waarskynlik net so ononderhandelbaar is as wat dit vir hulle is. Maar die bereidwilligheid om daaroor te onderhandel . . .

*Die bereidwilligheid aan julle kant is in dié geval 'n bereidwilligheid om spesifiek met die ANC te praat. Daar's aan die kant van die regering gesê: kyk, ons beskik oor genoeg inligting – wat ons weliswaar nie aan julle beskikbaar gaan stel nie – en julle behoort*

*genoeg vertroue in daardie inligting te hê om te aanvaar dat 'n gesprek met die ANC onwenslik is.*

**ANTON** Ons het nou al vir ons lewe lank tweedehandse en derdehandse inligting uit regeringsbronne oor die ANC gekry. Die ANC is verbied 'n jaar of twee voordat die meeste lede van ons groep gebore is. Ons het *nooit* enige eerstehandse inligting omtrent die ANC bekom nie. Ons mag nie lees wat hulle sê nie; ons moet vertrou op wat die regering sê. Ek weet werklik nie wat die skade daarvan is om te gaan en eerstehands te probeer uitvind hoe mense oor sekere dinge voel nie.

**ERIC** 'n Minister het onlangs op 'n openbare verhoog gesê dat die jeug van SA maar net vir hom moet gaan vra en hy sal vir ons alles oor die ANC vertel. Dit is ongelukkig vir my nie genoeg nie. 'n Mens moet, as jy rêrig wil weet, gaan gesels; jy moet daar wees om te kan sien. Baie mense in SA is vir my ongelukkig naïef oor die inligting wat hulle in die hande kry. Hulle lees sekere koerante, en daardie koerante gee eenvoudig inligting skeef weer. Die terugtrekking van ons paspoorte het my baie sinies gemaak omdat ons gebruik is as 'n politieke wapen in 'n tussenverkiesingstryd. Die redes wat hulle aangevoer het om ons te verhoed om te gaan, was dat dit nie nou in die belang van SA is om te gaan nie. Wanneer is dit dan in die belang van die land om met die ANC te gaan praat? En dan wil ek net die vraag stel, en niemand kan my waarskynlik in hierdie stadium 'n antwoord gee nie, ek dink nie enigiemand is bereid om dit te doen nie: was dit nie 'n manier om die KP te beveg in kiesafdelings soos Bethlehem nie? Om daar te wys dat die regering 'n "strong fist" het, "strong arm politics"?

*Daar is na aanleiding van dr Nico Smith se beplande besoek gesê dat dit 'n regstreekse uittarting van die regering se gesag is, en selfs deur min Kobie Coetzee dat 'n gesprek met die ANC hoogverraad mag wees. Daar is dus 'n konflik tussen jou belang en wat gesê word in die land se belang is. Voel jy dis ook in landsbelang dat daar met die ANC gepraat word? Moet die regering met die ANC praat?*



**ERIC** Ek glo daarin dat onderhandeling deur mense wat iets het om oor te onderhandel -- en die regering is in hierdie stadium die enigste liggaam wat wel kan onderhandel – ons oplossing is. You can't answer violence with violence forever. Dis net onmoontlik. Ek is bekommerd oor wat in die townships gebeur. Ek dink die regering is ook daaroor bekommerd. Ek hoop so.

*Dalk is die ANC ook daaroor bekommerd.*

**ERIC** Ek is bekommerd oor die noodtoestand. Miskien is die ANC ook daaroor bekommerd. Dit is die simptome van heeltemal iets anders, en om uit te vind wat die oorsaak van hierdie simptome is, moet jy gesprek voer met alle belangegroepe. Wat ons gedoen het, is dat die Suid-Afrikaner-establishment bereid was om vir een keer 'n hele paar dinge op te offer omdat hy bekommerd is, omdat die jeug bekommerd is.

**ANTON** Ons probeer nie sê die ANC is die belangrikste groep in die land met wie jy moet onderhandel nie. Binnelands het die meeste van ons al baie gesprekke gevoer met ander belangegroepe soos Inkatha, AZAPO en studenteorganisasies, kerkorganisasies. Die ANC is ten minste net so belangrik soos enige ander van hierdie groepe, en die ANC geniet baie groot steun in SA en buite SA. Selfs al sou dit miskien meer simboliese steun wees omdat die ANC sedert sy verbanning 'n simbool geword het vir baie mense in SA. Dis sinneloos om so 'n belangrike groep te probeer ignoreer en te dink dit sal verdwyn. Dis bloot naïef.

**ERIC** Politieke groepe in SA, swart groepe, kan aan hulle volgelinge sê, en ek dink nie dis ongeregverdig as hulle dit sê nie: luister, die Afrikaner-establishment sal nie met julle gesels nie; hulle sal nie na julle luister nie. Wat ons nou gedoen het, is dat die bereidwilligheid getoon is: 'n deel van die establishment, deel van die jeug, is wél bereid om te gesels.

*Is julle nog steeds bereid om te gesels?*

**ERIC** Absoluut. Dis die noodwendigste ding wat moet gebeur.

*Julle is nie deur al die gebeurtenisse daarvan oortuig dat dit dalk 'n verkeerde idee was om Lusaka toe te wil gaan nie?*

ERIC Die redes wat teen ons aangevoer is, is net so vaag en ongedefinieerd; dis maar weer 'n kwessie van inligting wat van ons weerhou word. Dit kan 'n mens eenvoudig nie oortuig nie.

*Iemand sê nou die dag vir my dat 'n bereidwilligheid van die Afrikaner-establishment – nié die PFP of Anglo-American nie – om met die ANC te praat, ons enigste hoop is. Stem julle daarmee saam? Is dit die eintlike twee magsgroepe in die land?*

ANTON Op die oomblik is dit die twee pole. Dis moeilik om die ANC se werklike steun te bepaal, maar ek dink hulle het baie groot steun, ook miskien onder mense wat in naam ander organisasies steun. Daardie twee groepe sal noodwendig by mekaar moet uitkom. Dis tussen hulle dat die toekomstige landsbestel uitgewerk sal moet word.

*Dink julle daar's iets spesifiek wat moet gebeur om daardie ontmoeting moontlik te maak? Op die oomblik lyk dit of daar baie min ruimte is vir gesprekke, laat staan nog onderhandeling. Die ANC stel 'n standpunt wat sê: kyk, julle moet apartheid eers heeltemal afskaf. Dis in ieder geval hulle onderhandelingsposisie; ek weet nie of dit rondom 'n tafel enduit gehandhaaf sal word nie. En die regering sê: julle moet eers geweld afsweer. Dit lyk na skaakmat. Is daar iets wat gedoen kan word om 'n brug te skep?*

ANTON Ons het gevoel ons het nie nodig om sulke voorwaardes te stel nie. Ek is nie bereid om so arrogant te wees om voor te skryf wat op 'n hoër staatkundige vlak moet gebeur nie. As ek nou baie idealisties moet wees, sou ek graag wou sien dat daar ten spyte van alles 'n onvoorwaardelike gesprek moet wees. En dan sal van hierdie dinge miskien daaruit voortvloei. Ek kan nie sien hoe enige gesprek op die oomblik kan plaasvind as dit nie onvoorwaardelik is nie, want uit die aard van die saak is nie een van die twee kante bereid om 'n treetjie terug te staan en hulle geloofwaardigheid by hulle ondersteuners te verloor nie.



ERIC Dis 'n baie moeilike vraag. Weer eens is daar die kwessie dat ons nie genoeg inligting het nie. Ons het nie genoeg inligting oor die redes hoekom die regering voorwaardes stel nie, of oor hoekom die ANC voorwaardes stel nie. Vir my is die stel van 'n voorwaarde 'n maklike manier om uit so 'n gesprek te ontsnap. Ek voel nie dat jy voorwaardes hóéf te stel nie; wat jy wel kan doen, is om van die voorwaarde 'n beginselstandpunt te maak. Jy sê ons is téén geweld. Jy kondoneer nie geweld as jy met iemand praat wat geweld as uitgangspunt het nie.

*Volgens die regering – dis maar waar mý inligting ook vandaan kom – stel die ANC hom sterk op die standpunt van 'n gewelddadige stryd. Dink julle dis vir hulle 'n beginselstandpunt?*

ERIC Wel, as hulle geweld wou gehad het, wat was dan die rede vir 'n onvoorwaardelike uitnodiging aan Afrikaner-studente om met hulle te kom gesels? Hulle het wel genoem dat hulle hoor van veranderinge binne die Afrikaner-establishment. En hulle wil graag uitvind daaromtrent. As dit die enigste rede is, is dit goed genoeg vir my om 'n gesprek te gaan voer.

ANTON Ek weet nie hoe 'n mens gaan uitvind of iemand bereid is om af te sien van geweld as jy nie met hom praat oor die hele kwessie van geweld en waarom hulle geweld gebruik en onder watter omstandighede hulle daarvan sal afsien nie. Selfs al stem jy op die ou end hoegenaamd nie saam nie, dan het jy ten minste 'n beginpunt waarvandaan jy kan werk. Eerder dit as dat elkeen aan sy eie kant staan en op die ander skree.

ERIC 'n Mens wonder nou nog meer of dit die enigste rede is waarom ons nie met die ANC mag praat nie, dat dit nie in landsbelang is nie. Of is daar dalk die moontlikheid dat die Afrikaner-establishment iets gaan uitvind wat hy nie mag weet nie?

*Ek wil terugkeer na wat Anton gesê het oor die sosiaal-ekonomiese opset. Dit lyk my op hierdie punt is daar sterk polarisasie tussen die regering en die ANC. Die ANC staan minstens 'n sosialistiese alternatief voor, terwyl die regering 'n aanhanger is van 'n vrye*

*markekonomie. Dink jy daar sou op hierdie punt ook onderhandel kan word?*

**ANTON** Ek dink so. Die regering se vorm van vrye markekonomie is ook maar nie so suiwer nie. En 'n vorm van sosialisme soos wat dit in die Vryheidsmanifes vervat is, en soos dit al uiteengesit is deur Oliver Tambo, is ook nie suiwer sosialisties nie. Of 'n mens 'n sintese tussen die twee gaan kry, is moeilik om te sê. Miskien klink dit baie idealisties, maar ek dink dis tog iets waaroor in 'n mate onderhandel kan word.

**ERIC** Ek kan net saamstem daarmee.

*In die geskiedenis van die NP was daar in elk geval ook 'n sterk sosialistiese stroming. Dis maar in die laaste ongeveer 10 jaar dat die vrye mark die vernaamste ekonomiese beginsel geword het.*

**ANTON** Ek dink dis bekend deur die geskiedenis dat politieke slagspreuke binne die werklikheid van 'n nuwe bewind of regeringstelsel baie keer om pragmatiese redes afgewater en aangepas word.

**ERIC** Partykeer is die oplossings wat deur verskillende partye voorgestaan word, noodwendig simplisties, eenvoudig omdat dit nie prakties is om in vreeslik akademiese terme 'n alternatief as 'n standpunt voor te stel nie. Die voordeel daarvan is natuurlik dat dit dan ook baie vaag is en baie onderhandelbaar. As die regering sê ons wil die vrye mark hê en die ANC sê ons wil sosialisme hê, dan is dit simplistiese terme vir baie tussenmoontlikhede.

*Het julle verwag dat daar soveel bohaai gemaak sou word oor die besoek?*

**ANTON** Die ironie van die saak is dat ons van plan was om dit heeltemal stil te hou tot ons vertrek na Lusaka, waar ons op hierdie oomblik sou gewees het. Ons was van plan om die universiteitsowerheid en die regering daarvan in kennis te stel. Dit het onder baie snaakse omstandighede aan die pers uitgelek. Skynbaar het *Beeld* in Johannesburg die eerste snuf in die neus gekry, hoe weet ons nie. Van toe af het die druk op ons baie toegeneem, en dit is juis wat ons wou verhoed het.



*En die reaksie op Stellenbosch?*

**ANTON** Ek sou sê daar was aanvanklik baie teenkanting teen die idee onder die breë massa van studente. Maar nadat die paspoorte ingetrek is, het die gevoel in 'n groot mate geswaai omdat baie mense gemeen het selfs al stem hulle nie saam met die idee nie, kan hulle so 'n outoritêre optrede nie ondersteun nie.

**ERIC** Ek dink die onmiddellike reaksie was dat die mense nie van die idee hou om met die ANC te praat nie. Ek kan dit verstaan. Dis weer eens 'n kwessie rondom inligting: hoeveel inligting kry 'n mens, en watter inligting kry jy? Ek het voorsien dat daar teenkanting sal wees. Dis een van die redes hoekom ons dit uit die pers wou hou.

**ANTON** Ek moet sê dit het my verras hoeveel steun ons wel gekry het, en uit watter oorde. Van mense wat jy hoegenaamd nie sal vereenselwig met die "left" op die kampus nie. Selfs lede van die Nasionale Party het ons ondersteun.

*Hoekom dink julle het alles so verander? Twee jaar of selfs 'n jaar gelede sou enige gesprek met die ANC waarskynlik nóg groter reaksie uitgelok het. Nou het jy sakemanne wat gaan praat . . . Van Zyl Slabbert-hulle het gaan praat, júlle wou gaan, Nico Smith wil gaan, Piet Muller en Dries van Heerden van* Die Vaderland *maak amper rusie oor wie eerste daar was – as jy dit alles bymekaar voeg, is dit seker meer pogings tot gesprekke binne een jaar as wat in die laaste vyf jaar onderneem is.*

**ANTON** Ek dink mense begin besef dat ons baie gou 'n oplossing sal moet kry vir die toekoms van die land, en mense is besig om moeg te raak van die magsvertoon aan albei kante en die eskalerende geweld. Mense besef dat die stelsel onvermydelik moet verander. Die vraag is in hoe 'n mate dit sal moet verander, en op watter manier. Dis soveel meer sinvol om met mense wat ook deel

is van die toekoms van die land te gaan gesels en uit te vind wat hulle idees is daaroor, eerder as om met jou eie idees te sit en intussen oorlog te maak met jou landgenote.

ERIC Ek dink almal oor die hele spektrum besef dat verandering moet plaasvind. Die vraag is hoe. En die ander vraag is hoekom. Hoekom? Daar is 'n groot konflik in ons land, daar is 'n "spiral of violence" wat op die een of ander manier gestop moet word. 'n Mens kan nie vir altyd oorlog maak in die townships nie. Die jeug moet besef dat ons toekoms nie binne die huidige opset, die huidige bestel is nie. Ek dink ons toekoms is in die volgende bestel. Ons sal daaraan moet help skep. En dit is maar 'n beskeie poging om 'n grondslag te soek vir die onderhandeling met die oog op so 'n bestel. Verdere inisiatiewe *is* nodig. Alles moenie nou hier stop nie. Dit moenie net maar 'n natuurlike dood sterf soos wat ek dink in sekere kringe gehoop word nie.

ANTON Die ANC is 'n belangrike groep en hy kan nie oor die hoof gesien word nie.

26 Oktober 1985



HANS MÜLLER EN PHILLIP VERSTER

HANS Ek dink dat dit belangrik is om met die ANC te praat. Elkeen in ons Matie-groep het al baie met binnelandse faksies gepraat. Ek is meer by die kerk betrokke en daarom het ek veel meer met Christelike groeperings en denominasies gesels, veral aan die swart kant: onder meer aan die Witwatersrand en ook in die Vrystaat. Die probleem is net dat 'n mens nog nie volledig gepraat het nie – ons het nog nie ook met die ANC gepraat nie, en vanuit hierdie oorweging is dit belangrik. Ek glo nie 'n mens kan hulle uitsluit as jy sê dat jy werklik dialoog voer nie.

*Die standpunt van die regering is dat geen gesprek met die ANC gevoer kan word voordat hulle nie geweld afsweer nie. Hoe voel julle daaroor?*

PHILLIP My motivering is moontlik anders as dié van baie ander lede van die groep. Ek was op Stellenbosch betrokke by die Nasionale Party-tak – ek was ondervoorsitter van die skakelkomitee en ek het vroeër baie noue bande met die NP gehad. Ek is steeds van die oortuiging dat, indien die regering werklikwaar wil hervorm, dit vir hom moeilik sal wees om onvoorwaardelik met die ANC in gesprek te tree. Want jy het hierdie situasie: die regering sit rondom 'n konferensietafel, en kom met inisiatiewe vir hervorming, en dan moet hy in dialoog tree met 'n persoon wat die heeltyd geweld voorstaan. Gestel die samesprekinge vlot nie Donderdag of Woensdagmiddag nie, dan ontplof daar Vrydag twaalf bomme in die land. So 'n dilemma verstaan ek in 'n mate. Maar 'n mens moet baie nugter daarna gaan kyk. Die regering se standpunt is vir my moeilik om hoegenaamd te regverdig. Die ANC ervaar – as 'n mens na hulle geskiedenis kyk – 'n stelsel wat nie korrek teen hulle opgetree het nie. Hulle is verwerp en verban en uit die land verjaag in 'n stadium toe hulle vreedsaam in opposisie was teen apartheid. As gevolg van die stelsel se gewelddadigheid teenoor hulle het hulle self gewelddadig geword. Nou verwag dieselfde stelsel van hulle om geweld af te sweer en met hom in gesprek te tree. Ek probeer 'n situasie verduidelik waarin dit vir my onmoontlik lyk dat die twee

groepe by mekaar gaan uitkom. Want die een het voorwaardes en die ander het 'n situasie wat sy houding regverdig. My standpunt – en my oorweging om te gaan – is dat die regering in 'n moeilike situasie sit. Hy het polities baie geloofwaardigheid by die blanke kiesers verloor, en gaan nog meer daarvan verloor as hy met die ANC in gesprek tree. Dit kan moontlik die KP aan bewind bring, wat gekant is teen enige hervorming. Daarom is dit ons jongmense wat onverbonde is en nie 'n politieke ideologie het om te verdedig nie, se plig om 'n inset te lewer. En juis weens ons onverbondenheid kan ek nie insien hoekom ons nie in gesprek kan tree met 'n groep mense wat óók Suid-Afrikaners is, en wat as gevolg van omstandighede in 'n baie netelige posisie sit, en met wie dialoog geregverdig en nodig is nie. As ons nie weet wat hulle kant van die saak is nie, gaan ons nooit weet waar ons moontlik raakvlakke het nie. Dan gaan ons nooit weet of ons moontlik kan saamwerk vir 'n oplossing nie.

Die studenteraad van Stellenbosch het geweldige goeie skakeling met instansies soos Inkatha. Inkatha ondersteun glad nie die ANC nie, maar hulle ondersteun die beginsel van 'n blanke Afrikaner wat bereid is om met die ANC te praat. Die ANC het 'n simboliese waarde as 'n bevrydingsorganisasie in SA. En laat ons dit nie ontken nie: daar was meningsopnames in Soweto wat aangedui het dat – wel, korrigeer my – neëntig, vyf en neëntig persent van die inwoners van Soweto die ANC simbolies onderskryf as bevrydingsorganisasie. Al is dit die enigste groep mense in SA wat hoegenaamd waarde heg aan die ANC, dan is dit geregverdig om met die ANC in gesprek te tree.

HANS Daar is waarskynlik 'n groot aantal mense wat die ANC in die praktyk ook ondersteun. Maar nog belangriker is dat die ANC, soos wat Philip gesê het, 'n simbool geword het van bevryding. Die kontak van die ANC met mense binne SA sal vanselfsprekend moeilik wees. Hulle sit buite en die mandaat sit binne. So ek weet nie of die steun nóú geaktualiseer gaan word nie. En daarom is enige gesprek tussen 'n Afrikaner en 'n ANC-lid 'n belangrike saak. Vir my gevoel is dinge besig om na 'n punt toe te loop en ons het nie 'n keuse nie – ons kan òf praat en kyk of ons mekaar nie op 'n manier kan vind nie, òf ons stuur af op 'n situasie



waar ons gedwing word om die land te verlaat (wat ek nie bereid is om te doen nie) of mekaar te skiet.

PHILLIP Die persepsie wat by baie mense deur middel van die media geskep is, is dat ons sou gaan onderhandel – wat belaglik is. Ons kan nie onderhandel nie. Ons verteenwoordig nie 'n kieserskorps nie, en ook nie 'n spesifieke beginsel of 'n denkrigting nie. Ons sou gaan *praat* het, nie onderhandel nie.

*Ek erken die verskil tussen praat en onderhandel, maar was daar iets spesifieks wat jy vir die ANC wou gaan sê?*

HANS Ek is baie skrikkerig vir sulke vrae, omdat dit 'n gesprek gaan antisipeer. Jy besluit voor die tyd wat jy daar gaan sê en die probleem is dat as ek alleen moet oordeel op wat ek deur die inligtingsdienste van die land van die ANC weet, sou ek sekere goed vir hulle wóú gaan sê. Maar ek weet nie of ek die korrekte beeld het nie, en daarom wil ek my openheid behou in daardie gesprek. Wat belangrik is vir enige gesprek om te slaag, is dat 'n ou nie voor die tyd gaan sê: ek gaan hierdie boodskap lewer en dan loop nie. Dan is dit soos 'n ou wat 'n ton bakstene aflewer en weer wegry. Dan is daar nie veel sin in nie. Daar moet iets gedoen word met die bakstene. Dit pas iewers in 'n gesprek. En dit pas iewers in 'n konteks. Ons wéét nie wat daardie konteks is nie. Ons wou dit gaan uitvind.

PHILLIP Presies. 'n Mens moet onthou: daardie mense lewe in die buiteland, hulle lewe nie in hulle eie land nie. Hulle moet die ANC as politieke party van die oggend tot die aand aan die wêreld daar buite probeer verkoop. Dit is harde politiek. Ons wil van ons kant hoegenaamd nie sulke uitlatings maak nie, want ons kuiertjie is nog nie afgestel nie. Ek bedoel: ons kuiertjie is aan. Net op 'n meer geleë tyd. Dit is juis 'n *oop* agenda. Een van die aspekte van die SA politiek wat by die swart politikus 'n weersin gewek het, is die vooropgesette agenda of die agenda onder die tafel. Punte wat sou opkom is natuurlik die kwessie van geweld en ons interpretasie daarvan, ons vrese daarvoor, ons afsku daarin.

*Die reaksie van die regering op julle voorgenome besoek was om te*

**Collection Number: AK2117**

**DELMAS TREASON TRIAL 1985 - 1989**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-***Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-***Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.